**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. : 708/2006

In die saak tussen:-

**MARTINA JACOMINA VAN WYK** Eiseres

en

**LA TOUCHE** Verweerder

---

**CORAM:** MALHERBE RP

---

**AANGEHOOR OP:** 5, 6 EN 8 JUNIE 2007

---

**UITSPRAAK DEUR:** MALHERBE RP

---

**GELEWER OP:** 25 JUNIE 2007

---

Eiseres was voorheen werksaam as gesellin by La Touche gesellinklub in Bloemfontein waarvan Mev. Juliana Willemse die eienares is. Op 16 Maart 2005 val eiseres deur ‘n gat in die vloer van die stoorkamer waarin sy op verweerder se perseel geslaap het en doen ernstige liggaamlike beserings op. In hierdie saak vorder sy skadevergoeding van verweerder voortspruitende uit haar beserings.

By die aanvang van die verrigtinge het die partye my ingevolge Hofreël 33(4) versoek om te gelas dat die beweerde nalatigheid en die *quantum* van eiseres se skade apart verhoor word. Ek het aldus gelas en die verhoor is voortgesit om die kwessie van nalatigheid en moontlike bydraende nalatigheid te beslis.

Die gat in die vloer waaroor hierdie saak handel, word uitgebeeld op foto's B3 tot B12 in die foto album bewysstuk "B". Die staaltrap wat die betrokke stoorkamer verbind met die onderste stoorplek of kelder waarin eiseres geval het, is ook sigbaar op party van bogemelde foto's, maar veral op foto's B10 tot B17. Die sketsplan (bewysstuk "A") is verweerder se weergawe van die betrokke vertrek en wat alles daarin was. Eiseres het haar bed, kas en tafel ingeteken in die verste regterhoek.

Eiseres was die enigste getuie in haar saak. Haar verhaal is betreklik eenvoudig: Sy is 36 jaar oud en al vir baie jare in die gesellin bedryf. Sy ken Mev. Willemse ook al vir baie jare. Teen die begin van Maart 2005 het sy en 'n vriendin in dieselfde bedryf,

vanaf na Pretoria na Bloemfontein gekom met die oog daarop om by Mev. Willemse te kom werk. Hulle is gehuisves in 'n "agterkamer" in die klub vir enkele dae waarna hulle na Pretoria geryloop het omdat die vriendin in 'n hofsaak moes verskyn in verband met dwelms. Twee dae later het eiseres terug geryloop na Bloemfontein om haar werk by Mev. Willemse te hervat. By haar aankoms het Mev. Willemse aan haar die stoorkamer waar sy geval het beskikbaar gemaak as slaapkamer. Haar indruk was dat die kamer onder konstruksie was: Daar het los drade uit die dak gehang; daar was geen beligting nie; die mure was bloot gepleister; sy is voorsien van 'n kas, 'n bed en 'n tafeltjie en moes met 'n kers klaarkom. Die kamer het nie eers 'n deur gehad nie, daar was net 'n deuropening sonder 'n deur. Niemand het haar gewaarsku omtrent die gat in die vloer nie. Waar sy deur geval het, was planke wat langs mekaar vasgeheg was met twee dwarsplanke bo-op. Sy was glad nie bewus dat daardie planke eintlik die deksel van die gat was waardeur sy geval het nie. Op die betrokke aand tussen 7:20 en 8 nm. is sy na hierdie kamer om haar lipstiffie te gaan haal. Die kamer was donker. Sy het by die deuropening probeer lig maak met haar sigaret aansteker. Die

aansteker wou nie werk nie. Sy het vorentoe beweeg deur die deuropening op pad na haar bed in die regterhoek. In die proses het sy haar toon gestamp teen die planke, op haar knie geval, opgestaan en die planke opgetel om dit uit die pad te sit teen die muur. Terwyl sy dit probeer doen, het sy net eenvoudig in die gat af geval en op die sementvloer een verdieping ondertoe beland. Toe sy by haar sinne kom, was daar bloed aan haar kop en was haar linkerhand ernstig beseer. Twee van die inwoners van die klub, onder andere Deon Vorstman, het haar teen die leer opgedra en ondersteun na 'n huurmotor wat haar hospitaal toe geneem het.

Mnr. Möller se kruisondervraging van die eiseres was daarop gemik om aan te toon dat sy goed geweet het van die gat en in die verlede dikwels die trap gebruik het om sogenaamde "pypies" waarmee dwelms gebruik word, te gaan bêre of te gaan haal en waarskynlik ook daarmee doenig was toe sy in die gat geval het. Daar is ook aan haar gestel dat die betrokke kamer inderdaad 'n deur gehad het en dat sy van 'n elektriese bedlampie voorsien is. Sy het hierdie stellings ontken.

Wat eiseres se beweerde kennis van die gat betref, getuig Mev. Willemse dat eiseres op 'n Sondag (27 of 28 Februarie 2005) by La Touche aangekom het en dat sy haar die Maandagaand by die toonbank ontmoet het in die geselskap van Mej. Lee Marsh, ook bekend as Taylor. Haar hoofgetuienis vervolg soos volg:

> "Ek en mej. Van Wyk het eintlik baie, baie goed oor die weg gekom. Ons het altyd gesit en grappies maak.

Ja. --- Toe het ek vir haar gesê onthou nou ek gee vir jou die stoorkamer, moet asseblief nie weer stout wees en daar onder gaan peuter nie, dit was uit 'n blote grap uit.

> <u>MNR. MOLLER:</u> Wat was haar reaksie? --- Ek ken die gat al jare van Chris Grant se tyd af, dit is waar hy sy dwelms weggesteek het."

Sy erken onder kruisondervraging dat eiseres na haar val sigbare beserings aan haar kop en hand gehad het. Sy ontken egter by herhaling dat haar gesellinne en ander werknemers van haar afhanklik is of was. Hierdie ontkenning gaan nie op nie. In sy betoog het Mnr. Möller na my mening tereg toegegee

> "dat dit baie duidelik was dat die getuies wat vir verweerderes getuig het nie in alle opsigte objektiewe getuies was nie en dat hulle

> klaarblyklik gepoog het om die verweerderes met hulle getuienis te begunstig."

Lee Marsh is geroep om Mev. Willemse te staaf oor die gesprek oor die gat die Maandagaand. Sy is die ontvangsdame by die klub en woon daar in met Deon Vorstman. Haar hoofgetuienis oor die gesprek is amper woordeliks dieselfde as Mev. Willemse s'n en lui soos volg:

> "Mev. Willemse en Tienie het begin gesels en toe vertel sy vir Tienie sy vir haar 'n vertrek gaan gee waar sy kan in bly, maar sy moet versigtig wees, want daar is 'n gat in die grond. Toe sê Tienie ons hoef nie te worry daaroor nie sy is alreeds bewus van die gat want sy het al, 'n paar jaar terug was daar 'n plek met die naam Power House waar sy en mnr. Chris Grant het voorheen daar afgegaan in die gat en hulle het dwelms daar gebruik."

Onder kruisondervraging las sy by dat sy en Mev. Willemse daardie selfde aand ná die gesprek by die toonbank vir eiseres na die betrokke kamer geneem het en met behulp van 'n flits vir haar die gat uitgewys het, haar weereens gewaarsku het en dat eiseres weereens daar in die kamer gesê het dat sy

> "ken die gat, want sy en Mnr. Chris Grant het altyd daar afgegaan, daar het hy sy dwelms gebêre en dit is waar hulle gewoonlik afgegaan het om dwelms te gebruik."

Sy beskryf ook die deksel oor die gat soos Mev. Willemse, maar las weereens by dat Deon die twee houtpale versterk het en swaarder gemaak het deur 'n staalstaaf op elke houtpaal vas te bout.

Deon is namens verweerder geroep om stawing te verleen omtrent die deksel oor die gat en die hulp wat hy aan eiseres verleen het nadat sy geval het. Sy beweerde versterking van die deksel (wat nie op die model wat hy gemaak het – bewysstuk 1 – aangebring is nie) verskil hemelsbreed van dié waaroor Lee getuig het. Volgens hom het hy twee soliede staalplate wat dieselfde grootte as die houtdeksel is, aan die onderkant daarvan met staalspykers vasgeslaan

> "om net ekstra gewig te gee dat hy nie maklik kan geskuif word nie."

Hierdie stukkie getuienis is klaarblyklik gegee om aan te toon dat

eiseres doelbewus en met krag die deksel sou moes verwyder het!

Deon se oordrywing hou egter nie daar op nie: Volgens hom was eiseres instaat om haarself op te trek teen die staalleer met beide hande en self na die huurmotor te stap. In die lig van eiseres se kort beskywing en demonstrasie van die ernstige besering aan haar linkerhand, is dit ‘n blatante leuen dat sy self teen die leer uitgeklim het. Dit is ook baie meer waarskynlik dat sy ondersteun is oppad na die huurmotor as dat sy self gestap het, soos hy getuig. Net soos van die ander getuies probeer hy ook ‘n prentjie skilder dat die voorval baie vroeër plaasgevind het as wat eiseres getuig het. Volgens hom was dit nog lig en het die lig wat by die venster ingekom het, die gat verlig tot halfpad ondertoe. Boonop, getuig hy, was die bedlampie ook aan!

Eiseres se weergawe dat die voorval tussen 7:20 en 8 nm. plaasgevind het en dat dit toe reeds donker was, is gladnie in kruisondervraging aangeval nie. Soos verweerder se saak gevorder het, het dit egter al ligter geword.

Mej. Annemarie van Eck (ook bekend as Lana) en Charmaine Jardine (Kleintjie) het ook namens verweerder getuig. Hulle getuienis is daarop gemik om aan te toon dat eiseres gereeld

dwelmmiddels in die betrokke kamer gebruik het en bewus was van die gat in die vloer – trouens dat sy hulle "pypies" onder in die kelder gaan versteek het. Hulle het ook beide getuig dat eiseres se kamer 'n deur gehad het en dat daar nie net 'n deuropening was nie. Na my mening is dit nie nodig om hulle getuienis op te som of te ontleed nie. Veral Mej. Jardine was 'n patetiese getuie. Wat wel uit hierdie twee dames se getuienis na vore kom, is hulle afhanklikheid van Mev. Willemse. Ook die ander getuies vir verweerder, insluitende Mev. Willemse self, skets 'n prentjie van volkome afhanklikheid. Ek het reeds hierbo verwys na Mnr. Möller se toegewing dat verweerder se getuies nie objektief of onafhanklik is nie. Daarteenoor getuig eiseres spontaan soos volg oor haar gesindheid teenoor die getuies vir verweerder:

> "U het ook gesê op 'n vraag van mnr. Moller hoekom dink u sou iemand soos Kleintjie of Taylor leuens vertel indien hulle in die saak getuig en toe het u geantwoord hulle is almal afhanklik van mev. Willemse, onthou u? U het ook gevra moet ek die eerlike waarheid sê. Toe sê ons vir u ja, u moet. --- Dit is reg.
>
> Was u ook van haar afhanklik in die kort tydjie wat u by haar was? --- Ja, ek was.

Voordat u geval het? --- Ja, ek was. Almal wat in die klub bly is afhanklik van July.

Omdat hulle hierdie tipe werk doen? --- Ons wat in die klub gebly het ons kan nie regtig uit die klub uit by ander mense gaan bly. Ons het nêrens om heen te gaan nie.

Omdat u hierdie tipe werk in die nag doen? --- Dit is reg.

Nou die voorval was in Maart 2005, dit is nou al meer as twee jaar gelede, nie waar? --- Dit is reg.

Nadat u nou uit die hospitaal ontslaan is, waarheen is u toe, na die val nou? --- Toe is ek terug na die klub toe. Kleintjie en Lee het my versorg, hulle het my gebad, kos gekoop, want ek kon nie werk nie. En een van die bediendes Johanna het my ook gebad. Mev. Willemse het altyd vir my 'n bordjie kos gemaak as ek honger is. Pynstillers vir my gegee. Op daardie stadium kon ek nie my antibiotika drink nie, dan het ons nou maar R10 oopgemaak en in Grandpa gegooi om my pyne te stil en ek het nie die finansies gehad om Pelonomi toe te ry nie. En Kleintjie en Lee het van hulle werksgeld gebruik om my dokter toe te vat en weer terug te bring na die klub toe. En ek het omtrent seker 'n week na my voorval het ek teruggegaan Pretoria toe."

Ek het myself deurgaans gewaarsku om nie die getuies vir verweerder onbewustelik te veroordeel bloot omdat hulle in die betrokke bedryf werksaam is nie. Immers is eiseres ook 'n gesellin. My indruk van haar in getuiebank is dat sy eerlik en

openhartig was. Sy het soms aangedaan geraak maar nogtans vasgebyt. ‘n Mens kon dikwels die ongeloof op haar gesig sien wanneer sy in kruisondervraging gekonfronteer is met verweerder se weergawe. Ek aanvaar haar weergawe van die gebeure sonder aarseling as waarskynlik waar.

Mnr. Möller voer aan dat eiseres se getuienis nie nalatigheid aan die kant van verweerder bewys nie omdat ‘n redelike man nie sou moes voorsien het dat iemand in die donker ‘n plank (wat eintlik die gat se deksel was) sou probeer verskuif nie. Hy het ook betoog dat die eiseres ‘n gat of luik in die vloer van die pakkamer moes voorsien het. Ek kan nie saamstem nie: Volgens eiseres was sy onbewus van die gat. Sy het wel die deksel of plank gesien, nie geweet of dit los of vas was nie

> “maar nie notisie gevat van die plank nie, want almal beweeg oor hom. Ek het maar net gedink hy lê daar .... ons almal het maar oor hom beweeg .... die bediendes het nogal op die plank ook gesit as hulle ete het en jy kan nie as jy oor hom loop, voel daar is ‘n gat onder. Ons almal het maar net geloop oor hom.”

Tweedens, was dit ‘n ruwe betonvloer en nie ‘n plafon van ‘n huis

waarin ‘n mens ‘n luik kan voorsien nie.

Eiseres se beskrywing van die gebeure met die val, pas in by haar weergawe dat daar nie ‘n deur was nie en dat sy vanaf die deuropening skuins na regs beweeg het in die rigting van haar bed. Indien daar ‘n deur was wat net 90º kon opmaak en haar bed wel gestaan het waar verweerder dit aantoon op die skets bewysstuk “A”, was daar vir haar geen rede om oor die deksel te beweeg nie. Die suggestie dat sy die deksel doelbewus sou opgetel het om kort voordat sy moes begin “werk” by haar dwelms uit te kom, is uiters onwaarskynlik op al die getuienis en is blote spekulasie.

Ek bevind dat eiseres op ‘n sterk oorwig van waarskynlikhede bewys het dat verweerder nalatig was deur eiseres nie in te lig omtrent die gevaar van die gat nie of waarskuwings op te rig om gebruikers van die pakkamer te waarsku van die gat nie en om nie behoorlike beligting in die pakkamer aan te bring nie, soos gepleit.

Mnr. Möller het ook betoog dat indien bevind word dat verweerder nalatig was, eiseres ten minste 50% bydraend nalatig was. Die

aanvaarding van eiseres se getuienis laat geen ruimte vir so 'n bevinding nie.

Ek bevind derhalwe dat verweerder uitsluitlik aanspreeklik is vir die skade wat eiseres gely het as gevolg van haar val op verweerder se perseel op 16 Maart 2005. Verweerder word gelas om die koste van die geding tot dusver te betaal.

**J.P. MALHERBE, RP**

| | |
|---|---|
| Namens die eiseres: | Adv. H.J. Benade<br>In opdrag van:<br>Symington & De Kok<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die verweerder: | Adv. M.J. Möller<br>In opdrag van:<br>McIntyre & Van der Post<br>BLOEMFONTEIN |

/sp